




eduresourceza.com

1. Berei jou voor om *Paljas* te lees

Agtergrondinligting

Die verhaal in *Paljas* speel af in die Klein-Karoo, 'n landelike streek in die Wes-Kaap. Die film/rolprent is op Toorwater, 'n plaas op die pad tussen die dorpe De Rust en Uniondale, gemaak. Toorwater is 120 km van Oudtshoorn af. *Paljas* is in Januarie 1998 vrygestel.





Die pleknaam "Toorwater" is gepas omdat dit goed aansluit by die inhoud en konteks van *Paljas*. Die woord "toor" beteken om iets wonderbaarliks (*miraculous*) te laat gebeur deur geheimsinnige (*mysterious*) aksies uit te voer. Gewoonlik is die resultaat van die toordery 'n verrassing vir ander mense. Die towenaar (*magician*) gebruik "paljas" om mee te toor. Dit is 'n ander woord vir "toorgoed". Die nar en sirkus speel 'n belangrike rol in die verhaal. Tydens 'n sirkusvertoning word daar towerkunsies (*magic*) of toertjies uitgevoer, soos wat die nar (*clown*) dan ook doen, en wat hy ook vir Willem leer doen. Die nar toor byvoorbeeld op onverklaarbare wyse 'n eier uit sy mond en hy leer die seun, Willem, ook hoe om dinge (soos gekleurde balletjies) uit sy mond te "toor". Baie mense dink toordery is "duiwelskuns" en dat mense wat hulle daarmee ophou boos (*evil*) is. Dink aan al die vroue wat in die

ou tyd (veral in die Middeleeue) verbrand is omdat daar geglo is hulle is hekse (*witches*).

Die film *Paljas* het die Eremedalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gewen nadat dit aanvaar is as die eerste amptelike inskrywing van Suid-Afrika vir 'n Amerikaanse Oscar-toekenning in die kategorie "Beste buitelandse film".

Nadat dit vrygestel is, het die bekende filmkenner, Barry Ronge, *Paljas* in sy resensie daarvan 9 uit 10 gegee.

Kyk na die kaart om 'n idee te kry van waar Toorwater geleë is.



Omdat die sirkustema en spesifiek die nar se "paljas" (*magic*) sentrale temas in hierdie drama/draaiboek is, is dit interessant om aandag te gee aan die rol wat 'n sirkus in die lewe van plattelandse mense speel. Vroeër was daar nie so veel vermaak vir afgeleë gemeenskappe nie. Wat het dit vir hulle beteken? Watter indruk het hulle waarskynlik gekry van persone wat in sirkusvertonings optree? Hoekom het hulle moontlik so gedink?

Die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) beskryf 'n sirkus as 'n "rondtrekkende geselskap (*roadshow*) wat as publieke vermaaklikheid (*amusement*) toertjies en kunsies (*tricks/stunts*) van gedresseerde diere, koorddansery, dwerge, ens. vertoon".

'n Nar word beskryf as 'n grapmaker – iemand wat met

Chris Barnard is op 15 Julie 1939 op Mataffin in die distrik Nelspruit gebore. Hy behaal 'n BA-graad aan die Universiteit van Pretoria en werk daarna as joernalis, onder andere by koerante en tydskrifte soos *Die Vaderland*, *Dagbreek* & *Son-dagnuus*, *Die Brandwag* en *Huisgenoot*. Nadat hy die joernalis-tiek verlaat het, het hy 'n ruk as uitgewer gewerk en later betrokke geraak by die filmbedryf as draaiboekskrywer (*scriptwriter*) en filmvervaardiger.

Barnard het 'n belangrike bydrae gelewer tot die Afrikaanse letterkunde as veelsydige skrywer van poësie, romans, nouvelles, rubrieke, jeugverhale, kortverhale, draaiboeke en radiodramas. Hy het verskeie pryse vir sy werk ontvang en is twee keer met die gesogte Hertzogprys bekroon.

Hy is getroud met die regisseur van *Paljas*, Katinka Heyns, wat haar loopbaan in die vermaaklikheidsbedryf as aktrise begin het. Hulle het ook saamgewerk aan *Die storie van Klara Viljee*.

Chris en Katinka woon langs die Hartebeespoortdam in die Noordwes-provinsie. Hy boer sedert 1994 deelyds met lemoene en makadamianeute op die plaas Thulani.

Omdat *Paljas* as drama geklassifiseer word, is dit belangrik om te weet wat die kenmerke van 'n drama is. Die woord “drama” kom van die Griekse woord “dran” wat beteken “om te handel” (*to act*). Die belangrikste kenmerk van die drama is dan ook **dialoog** en **handeling**. 'n Dramateks kom eers tot sy reg wanneer die regisseur (*producer*), akteurs, verhoogbestuurder, beligtingspan en die stel- (*set*) en kostuumontwerpers deur middel van handeling lewe in die woorde blaas. 'n Dramateks word dus in die eerste plek geskryf om opgevoer te word. Handeling lei uiteindelik tot **botsing** en **konflik**, wat die kern van die drama vorm. Spanning (*tension*) ontstaan daardeur,

Downloaded from eduresourceza.com
wat lei tot 'n klimaks of hoogtepunt, met die afloop/afwikkeling of die oplossing (solution) van die probleem wat daarna volg.

Let wel: Omdat hierdie drama, *Paljas*, wat jy bestudeer, die aangepaste teks vir 'n **filmdraaiboek** is, word die **verskillende tonele** of **beelde** wat vir die film/rolprent gefotografeer (geskiet) word, in die teks **genommer**, want, anders as op 'n verhoog, kan die reeks tonele in 'n film sonder tussenpose verskuif, bv. op bl. 4 sien ons by toneelnommer 1 slegs die Karoolandskap en dadelik daarna in toneelnommer 2 is Hendrik en Katrien in hul slaapkamer. Sulke opeenvolgende toneelveranderings kan nie in 'n drama wat op 'n verhoog opgevoer word, plaasvind nie.

Elke afsonderlike toneel of beeld in 'n film word 'n **montage** genoem. Montasie is die manier waarop die beeldreekse in die film aanmekaargevoeg word. In die teks van *Paljas* word hierdie tonele met nommers aangedui. Dikwels dui hierdie **toneelnommers** nie net een beeld of toneel aan nie, maar 'n hele reeks kameraskote. Dit dui ook aan dat die plek (ruimte waar die gebeure afspeel) verander het of dat dit 'n ander tyd is.

Die antwoorde vir hierdie toets-jouself-vrae verskyn op bl. 82.

✓ Toets jouself!

1. Verduidelik die betekenis van die woord "paljas" soos dit in hierdie boek gebruik word.
2. As watter letterkundige genre (soort) word *Paljas* geklassifiseer?
3. Noem minstens twee vereistes waaraan bogenoemde letterkundige soort (genre) moet voldoen.
4. Hoe leer die leser die verskillende karakters ken?
5. Die teks van 'n verhaal wat verfilm word, staan bekend as 'n _____. (een woord)
6. Wat is die doel van die gedeeltes tussen hakies (toneelaanwysings) wat saam met die dialoog van die karakters gelees moet word? (Kyk bv. op bl. 6 by toneelnommer 11.)

English summary

Sometimes something unexpected happens in one's life – at a time when and in a place where one least expects it. In Paljas this unexpected happening is the arrival of the circus. It has a positive impact on the lives of the family at the station and on the whole community living in the remote village.

The McDonald family is an ordinary family who is caught up in a monotonous, isolated existence. All four of them are very unhappy. The parents, Hendrik and Katrien, show no love or compassion for one another. Their marital relationship is not good and they blame each other for many things. Emma, their daughter, is very frustrated and trusts no man. Her father reprimands her every now and again for her unfriendly attitude towards Nollie Kemp, a young man whom he likes. He wants her to accept Nollie's overtures. Willem, the nine year old son, lost his speech two years ago. His parents' unhappy marital relationship which he cannot handle, probably caused this anxiety state. There are many quarrels and accusations and Willem's condition is a great worry for his parents. Because Willem is so 'different' he and his family are not accepted by the narrow-minded community.


Then it happens that a circus train belonging to Boswell's Circus is wrongly detached at the station at which Hendrik McDonald is the station master. After the problem has been solved and the train departs, the clown stays behind. He befriends Willem and teaches the boy many tricks, for example, juggling with balls and pulling handkerchiefs out of his sleeve.

The clown teaches Willem to do these things but through his magic he achieves much more. He gets Willem to talk again and heals the boy's psychological wounds! His magic also reaches the other family members who start to understand and to support one another. Hendrik and Katrien have a loving relationship again and Emma does not distrust all men any more. She starts playing the piano again and her music has a positive effect on the other family members. Not only do the McDonalds find happiness again but the attitude of the whole community changes towards them as a result of the clown's magic. Reconciliation takes place; the family is now part of the community and not isolated any more.

Opsommings per handelingsgedeelte

Bl. 1-4 (toneelnommer 1-11)

Skets van die omgewing



Oggendgebeure: Die gesin maak gereed vir die dag.

Wat is die verskil
tussen 'n gesin en
'n familie?

Dit is vroegoggend in die McDonalds se huis en die vier lede van die gesin is besig om op te staan en gereed te maak vir die dag.

Katrien (die ma) is eerste op en neem vir almal koffie in die bed: vir Hendrik, haar man, wat op 'n enkelbed in hulle kamer slaap, vir Willem, hul negejarige seun, wat saam met haar op die ander enkelbed in dieselfde kamer slaap en vir Emma, hul negentienjarige dogter, in haar kamer. Emma is jonk, mooi en onskuldig (*innocent*). Hulle eet ontbyt en Katrien wat met 'n ongelukkige uitdrukking op haar gesig en haar rug na die tafel toe staan en vadoeke (*dish cloths*) uitspoel, waarsku Hendrik om nie heeltyd met 'n vraende uitdrukking na Willem te sit en staar nie.

Die oggendtrein kom verby en Katrien roep Willem vir skool. Willem groet sy pa wat by die stasie besig is sonder om 'n woord te sê, waai oor sy skouer vir sy pa en klim in die goudgeel skoolbus.

✓ Toets jouself!

1. Gee 'n beskrywing van die Karoolandskap waar die spoorwegstasie is waarvan Hendrik McDonald die stasiemeester/ploegbaas is.
2. Watter geboue is alles sigbaar in die omgewing van die stasie?
3. Wie se huis is by die stasie geleë?
4. Noem minstens vier ander dinge in die omgewing wat verder weg geleë is.
- ✗ 5. "Hendrik en Katrien se slaapkamer. Die eerste oggend val deur die venster. Katrien klim uit haar enkelbed en maak klein Willem toe wat in dieselfde bed lê. Sy sit 'n oomblik in die vertrek en rondkyk – kyk ook na die slapende Hendrik op die enkelbed oorkant haar. Die lig val effens oor sy gesig."
Uit bogenoemde is dit duidelik dat die huweliksverhouding tussen Hendrik en sy vrou, Katrien, nie meer liefdevol en stabiel is nie. Haal die een sin en die gedeelte van 'n ander sin aan wat bogenoemde stelling staaf.
6. Verduidelik die antwoord op vraag 5 in jou eie woorde.
7. Watter negatiewe emosie openbaar Emma met die woorde: "Ek gaan nog een môre opstaan en daardie haan met 'n stok doodslaan"?
8. Watter optrede van Hendrik teenoor Willem keur Katrien nie goed nie?
9. Motiveer jou antwoord hierbo.
10. Van watter soort vervoer maak Willem gebruik om skool toe te gaan?


Leer ken die omgewing of ruimte waarin die drama afspeel.

Die antwoorde vir hierdie **Toets jouself-vrae** verskyn op bl. 82.

Bl. 4–8 (toneelnommer 12–14)

- ▷ Frans kom by Katrien aan.
- ▷ Emma gaan stap in die veld en Nollie kom met sy fiets daar aangery.

Katrien is besig om die kombuisvloer te was toe Frans daar aankom en sy probeer vinnig iets aan haar voorkoms doen. Sy haal die voorskoot af en druk haar hare reg. Frans het vir



Die antwoorde
vir hierdie Toets
jouself-vrae verskyn
op bl. 82.

hulle melk en appels gebring, is op pad dorp toe en vra of sy iets uit die dorp nodig het. Katrien haal geld uit 'n blik en vra hom om twee pakke broodmeel te bring. Dit is duidelik dat Emma wat in die middel deur staan en vir Frans en Katrien dophou, nie van Frans hou nie. Hendrik wat by die stasie is, het ook gesien toe Frans by hul huis aankom.

Frans ry en Emma gaan stap 'n entjie in die veld waar Nollie haar op sy fiets kry en haar begin terg. Nollie is in 'n speelse en ondeunde (*mischievous*) bui en hy ry kort op Emma se hakke. Wanneer Emma struikel (*stumble*) en val, kan Nollie nie betyds rem nie en val langs haar neer met sy fiets. Emma huil, sy het haar voet verswik (*twisted*) en Nollie se knieë bloei.

✓ Toets jouself!

1. Wie is die besoeker met die groen bakkie wat vroegoggend by Katrien kuier?
2. Wat het hy vir Katrien-hulle gebring?
3. Die besoeker is op pad dorp toe en bied aan om vir Katrien iets te koop as sy dalk iets nodig het. Wat vra sy hom om saam te bring?
4. Dis duidelik dat Emma nie van bogenoemde man hou nie. Watter optrede van Emma toe sy in die voetpad in die veld staan, dui hierop?
5. Beskryf Nollie Kemp kortliks.
6. Nollie is in 'n speelse bui en terg Emma. Wat is die gevolg van sy optrede?
7. Emma huil om twee moontlike redes. Bespreek hierdie stelling kortliks.
8. Watter beserings het Emma en Nollie opgedoen toe hulle geval het?

Bl. 8–15 (toneelnommer 15–24)

- Skoolkinders terg (*tease*) Willem.
- Hendrik en Nollie luister musiek op die stoep. Hendrik is bekommerd oor Emma wat so bang/skaam vir mans is en niks met Nollie te doen wil hê nie.
- Emma besef haar ma is ongelukkig.

- Hendrik verlang na die gelukkige tye in die verlede toe Katrien nog vir hom klavier gespeel het.

Dis pouse by die skool en die kinders loop al agter Willem aan met hulle tonge vasgebyt en maak ritmiese, koggelende (*mocking*) geluide. Hulle terg hom omdat hy nie praat nie.

Katrien het vir Hendrik tee geneem in sy kantoor by die stasie. Sy voel moedeloos en gefrustreerd omdat sy en Hendrik nie meer veel het om vir mekaar te sê nie.

Laatmiddag luister Nollie en Hendrik na musiek op die stoep. Hendrik wonder oor ver plekke en of die mense daar gelukkiger, slimmer of ryker is. Dis duidelik dat hy na gelukkiger tye terugverlang. Nollie vertel vir Hendrik van die fiets-episode vroeër die dag toe Emma geval het. Hendrik wonder hoe Emma getroud gaan kom as sy vir al wat 'n broek is, weghol (*runs away from all men*). Hendrik dink later weer terug aan die tyd toe hy nog by Katrien gekuier het en versoeke (*requests*) oor die radio vir haar aangevra het.

Katrien is besig om Emma se hare te vleg in Emma se kamer toe sy vir haar ma sê dat sy besef haar ma is ongelukkig en dat sy niks van Frans hou nie.

Later die aand in die slaapkamer vra Hendrik vir Katrien dat sy weer vir hom moet klavier speel. Dis duidelik dat Hendrik besef dinge tussen hom en Katrien is nie wat dit moet wees nie en dat hy na gelukkiger tye verlang.


As Emma na middernag die aand in die kombuis kom om water te drink, sit Hendrik by die kombuistafel. Hendrik praat met haar oor haar onvriendelike houding teenoor Nollie en vra haar om Nollie nie so afsydig (*aloof*) te behandel nie. Sy hou nie daarvan dat haar pa met haar hieroor sukkel (*he nags her*) nie en loop. Hendrik sing nostalgies een van die liedjies waarna hy en Nollie vroeër die aand geluister het. Die reël "I find my love has gone" uit die liedjie som Hendrik en Katrien se verhouding op die oomblik baie goed op.

✓ Toets jouself!

1. Watter twee speletjies speel die skoolkinders tydens pouse?



Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 82.



haelgeweer

2. Wat doen die kinders om Willem te terg?
3. Waarom doen hulle dit?
4. Hoe reageer Willem daarop?
5. Beskryf hoe Hendrik se kantoor van binne lyk.
6. Watter woord in die eerste paragraaf van toneelnommer 16 (bl. 11) wys dat Hendrik baie warm kry in sy sinkkantoor?
7. Wat lei 'n mens af uit die toneel wat in die paragrawe in toneelnommer 16 geskets word oor die verhouding tussen Hendrik en Katrien?
8. Toe Hendrik en Nollie op die stoep na musiek luister, wonder Hendrik oor ver, vreemde plekke. Waarop dui dit?
9. Waarom is Nollie bekommerd toe Hendrik vir Emma laat roep?
10. Hoe kommunikeer Willem sonder om te praat?
11. Hoekom is Hendrik bekommerd oor Emma?
12. Waarom word daar gesê dat die musiek waarna Hendrik luister, "salf vir sy eensame siel" is?
13. Watter twee van die McDonald-gesinslede kan klavier speel?
14. Waarom sê Emma: "Ek gaan nooit trou nie."?
15. Die feit dat Katrien ophou klavier speel het, word in haar lewe weerspieël (*is reflected*). Verduidelik hierdie stelling.
16. Waaroor gesels Hendrik met Emma as hulle twee toevallig na middernag saam in die kombuis is?
17. Die reël uit een van die liedjies wat Hendrik laatnag neurie, "I find my love has gone", kan op hulle huweliksverhouding van toepassing gemaak word. Hoe word dit in hulle verhouding weerspieël?

Bl. 15–21 (toneelnommer 25–33)

-
- ▶ Sirkustrein kom aan.
 - ▶ Bertie pla vir Emma en Hendrik waarsku hom.
-

Dis lank voor dagbreek toe Hendrik en Katrien wakker word van die gebrul van 'n leeu. Hendrik, gewapen met 'n haelgeweer (*shotgun*), was baie ontsteld toe hy sien daar staan

'n sirkustrein op sy stasie – en dit sonder dat hy daarvan weet! Agt trokke vol leeus, olifante en perde is verkeerdelik op sy stasie afgehaak. Die trein moes eintlik op Uniondale gewees het.

Die sirkusmense het later met 'n gehawende (*dilapidated*) minibus en 'n woonwa (*caravan*) daar aangekom. Hendrik was baie ontsteld toe een van die sirkusmans, Sollie, teen 'n trok opklouter (*climbs up*) dak toe en nie wou afklim toe Hendrik vir hom sê hy mag dit nie doen nie. Hendrik het gedink die trok is spoorwegeiendom (*railway property*), ook toe hy nader beweeg en Barnie met sy mesgooitoertjie (*trick*) begin – wat eintlik as waarskuwing vir Hendrik bedoel word.

Toe Bertie, een van die ander sirkusmans, Emma van agter aan haar boud gryp, is Hendrik as beskermende vader ^{worried} baie besorg oor sy dogter en waarsku Bertie om sy dogter uit te los. Ten spyte van al Hendrik se telefoonoproepe en pogings om die trein daar weg te kry, het die sirkusmense die diere afgelaai.

♀ Kernaanhaling

"Hendrik kom uit sy stasiekantoortjie en sien die nuwe aankomelinge. Een van die mans is besig om teen 'n trok op te klouter dak toe."

✓ Toets jouself!

1. 'n Sirkustrein word verkeerdelik op Hendrik se stasie afgehaak. Hoeveel trokke was daar?
2. Watter soort trein was dit?
3. Watter diere was in die hokke?
4. "Daar was geen lokomotief nie." Hoekom nie?
5. Waar moes die trein eintlik gewees het?
6. Waarom was Hendrik so ontsteld toe hy die trein op sy stasie sien?
7. "HENDRIK: As die trein vanmiddag nog hier is, dan wag jy vir my by die pad, verstaan? Jy loop nie alleen nie. En ek foeter vir jou as ek jou naby hierdie hokke sien. Jy hoor, Willem?"
Watter karaktereienskap van Hendrik kom in die paragraaf duidelik na vore?
8. Ons lees die tweede keer van die kinders wat Willem terg. Wanneer was dit?
9. Wie was die nuwe aankomelinge in die ou kombi en woonwa?
10. Waarom was Hendrik kwaad toe Sollie teen die trok opgeklouter het?

Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 83.

11. In Sollie se opmerking teenoor Hendrik: "Moerse ou stasietjie", kan 'n mens spot (*satire*) en verkleinerings bespeur. Bespreek die stelling.
12. Waarom, dink jy, oefen Barnie om jagmesse in 'n groot houtkrat te gooi?
13. Waarom het Emma gegil toe sy die trokke bekyk het?
14. Watter opdrag van een van die sirkusmense wys daarop dat hulle hulle nie aan Hendrik se woorde: "Vat julle sirkus en kry julle ry," steur nie?

Bl. 21–24 (toneelnommer 34–41)

- Willem ontmoet die nar.
- Gesprek aan tafel die aand wat daarop dui dat elke lid van die gesin eie behoeftes en drome het en dat hulle by mekaar verbyleef.



Willem ontmoet die nar, Manuel, wat met 'n olifant aan 'n tou in die veld stap. Willem was aanvanklik eers baie huiwerig (*hesitant*) toe die nar vir hom die tou gee om met die olifant te stap, maar algaande het hy meer selfvertroue gekry en al regoppper die olifant rondgelei.

Die aand aan tafel wonder die McDonalds oor die sirkusmense. Het hulle iets om te eet en waar slaap hulle?

Emma spring op van die tafel af en los haar kos net so toe Hendrik vir haar sê dat sy om die verkeerde redes opgetof (*dressed up*) is. Katrien voel Hendrik se opmerking was ongevraag, maar Hendrik sien dit as sy vaderlike plig om Emma teen die sirkusmense te waarsku.

Bertie pla weer eens die aand vir Emma as hy buite haar kamervenster rondbeweeg en na haar kyk.

Die aand sit Katrien in haar nagklere voor die spieël en maak haar lippe rooi. Ook sy hunker na iets opwindends, beters – romanse in haar lewe.

Buite Emma se venster staan Bertie haar en afloer. Hy hardloop weg as 'n deur klap. Hendrik sien hom en uiter 'n kragwoord.

✓ Toets jouself!

1. Beskryf Willem se eerste ontmoeting met die nar.
2. Hoe interpreteer jy die volgende sin: "Willempie stap al hoe regopper, al hoe meer kordaat."?
3. Waarom vererg Emma haar vir haar pa tydens aandete?
4. Wat beskou Hendrik as sy vaderlike plig?
5. Hoekom sê Katrien Hendrik moet ophou om Nollie aan Emma af te smeer?
6. Hoekom sê Hendrik hy kan iets vir Willem sê – 'n geheim met hom deel – want hy weet Willem sal dit nie oorvertel nie?
7. Wie beweeg baie versigtig voor Emma se kamer-venster verby?
8. "Hendrik kyk vir die muur." Wat sê dit van Hendrik se leëwêreld?
9. Watter optrede van Katrien dui daarop dat sy ook na 'n meer opwindende lewe hunker?
10. Wat ruk Katrien uit haar droomwêreld terug na die werklikheid?
11. Wie het vir Bertie gesien waar hy buite op die hoek van die huis na Emma gestaan en kyk het?

Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 83.

Bl. 24–29 (toneelnommer 42–46)

- ▶ Willem by die nar in hulle geheime ontmoetingsplek, die skuur (*barn*)
- ▶ Nollie red Emma van Bertie.
- ▶ Hendrik voel baie trots op Nollie.
- ▶ Hendrik en Katrien sien Willem se tekening van die nar.

Willem is by die nar in die skuur. Manuel wys vir hom toer-tjies – hoe om 'n muntstuk (*coin*) in 'n sakdoek (*handkerchief*) te laat verdwyn en gekleurde balle in die lug op te gooi en te vang. Aanvanklik lyk Willem nie beïndruk nie, maar hy skryf later tog sy naam met houtskool op die muur as Manuel hom vra wat sy naam is.

Nollie kom met sy fiets op die stasie aan en kan sy oë nie glo toe hy die sirkus daar sien nie. Hendrik kom ook daar aan net toe hulle 'n vrou hoor gil, en Nollie sien hoe Bertie vir



Let op hoe anders Willem se houding by sy ouers is as wanneer hy by die nar is: by sy ouers is hy stil en wys geen emosie nie, maar by Manuel is hy opgewek en lag.

Die antwoorde vir hierdie **Toets jouself-vrae** verskyn op bl. 83.

Emma teen 'n trok vasdruk en met sy hand onder haar rok vroetel. Nollie kom tot Emma se redding en slaan Bertie in die wind dat hy val en bly lê.

By die huis was Katrien Nollie se stukkende kneukels. Hendrik voel duidelik baie trots op Nollie wat sy dogter se eer gered het, en al drink hulle nie gereeld ietsie (alkohol) op 'n Donderdagaand nie, skink hy vir hom en Nollie 'n knertsie (*a drink*).

Hendrik en Katrien sien die tekening wat Willem van die nar gemaak het daar waar hy by hulle op die stoep sit en teken. Willem voel half skuldig omdat sy ouers nie weet van sy vriendskap en ontmoetings met Manuel nie. Hy spring op en gaan na die skuur toe. Manuel maak verskillende diere se bewegings en geluide na. Willem geniet dit, glimlag en lag selfs later vir die nar.

✓ Toets jouself!

1. Waar het Willem en Manuel altyd ontmoet?
2. Beskryf die ontmoetingsplek.
3. Watter toertjie het die nar vir Willem gewys?
4. Hoe het Manuel uitgevind wat Willem se naam is as Willem nie praat nie?
5. Watter ander toertjie het Manuel vir Willem gewys wat die seun baie geniet het?
6. Waarom het Nollie vir Bertie geslaan?
7. Waarom maak Hendrik 'n uitsondering en drink hy en Nollie op 'n Donderdagaand 'n "knertsie"?
8. Wat gebruik Hendrik om water by die drankie te gooi?
9. Wat hoor hulle "al weke lank" volgens Katrien?
10. Wat wou Emma gaan doen het toe Bertie haar agter die trokke ingesleep het?
11. Wat het Willem op die stuk papier geteken wat Hendrik gevat het?
12. Waarom kyk Willem half skuldig op na sy pa toe Hendrik sy tekening sien?
13. Waarop dui Hendrik se ondeunde, stuitige (*silly*) bui toe hy en Katrien gesels nadat hulle Willem se tekening gesien het?
14. Om watter twee redes sit Willem moontlik in 'n sonkol op 'n kassie in die skuur?

15. Watter EEN woord op bl. 29 wys vir ons dat Willem dit baie geniet om by die nar in die skuur te kuier?

Bl. 29–34 (toneelnommer 47–53)

- ▮ Die sirkustrein, kombi en woonwa vertrek.
- ▮ Willem is baie ontsteld toe hy besef die sirkus, en dalk ook Manuel, is weg.
- ▮ Frans sê dat hy Katrien wil hê.
- ▮ Willem sien die nar.
- ▮ Struweling (*argument*) tussen Hendrik en Katrien.


Die sirkustrein, woonwa en kombi vertrek met Hendrik wat tevrede staan en toekyk en hulle voorspoed (*good luck*) toewens, net toe Willem met die skoolbus van die skool af kom. Ontsteld en teleurgesteld omdat hy dink Manuel is ook weg, gryp Willem sy fiets en jaag agter die kombi aan.

Katrien is buite toe sy Frans sien aankom. Hy is weer op pad dorp toe en vra of sy dalk iets nodig het. Maar die gesprek beweeg in 'n ander rigting en hy sê die enigste vrou wat hy ooit wou hê, is Katrien, maar sy is klaar met Hendrik getroud.

Op pad huis toe met sy fiets nadat hy die sirkuskombi agternagesit het, hoor Willem iemand fluit. Dis die nar. Dan sien hy balletjies tussen die strooibale uitwip en beduie woes vir Manuel dat die sirkus weg is. Willem is baie bly en lag toe Manuel vir hom sê dat hy klaar is met die sirkus. Saam voer hulle verskillende aktiwiteite uit: hulle dans op kafbale (*straw bales*), hardloop in die veld, speel op 'n konsertina, boots diere na, teken teen die mure, gooi balle op en vang hulle. Die nar toor 'n eier uit sy mond en laat 'n muntstuk uit sy sakdoek verdwyn.

Vrydagmiddag kuier die gesin en Nollie op die stoep en almal lag heerlik saam as Willem 'n toertjie doen waar hy 'n muntstuk uit 'n sakdoek laat verdwyn. Sonder dat hulle dit besef, laat die nar hulle lag – met die toertjie wat hy Willem geleer het.

Hendrik is baie trots op sy seun. Hy verwys weer na



konsertina

Emma wat nie vir Nollie 'n kans wil gee nie. Sy storm van die stoep af en dit veroorsaak weer eens spanning tussen Katrien en Hendrik. Willem staan roerloos terwyl die woordewisseling tussen sy ouers plaasvind. (Dit wys hoe die onenigheid tussen sy ouers hom beïnvloed.) Nollie ontferm hom oor Willem (*takes pity on*) en neem hom die huis in.

✓ Toets jouself!

antwoorde
hierdie Toets
self-vrae verskyn
bl. 84.

1. Hoekom is Willem byna in trane toe die sirkustrein vertrek, maar Hendrik voel baie tevrede?
2. Wat sê Frans vir Katrien wat hulle albei baie ongemaklik laat voel toe sy in die kombuis besig is en hy daar aankom?
3. Waarom het Manuel nie saam met die sirkus vertrek nie?
4. Noem 'n paar van die aktiwiteite wat Willem en Manuel uitgevoer het.
5. Hoe het Manuel, sonder dat hy dit besef, almal die Vrydagmiddag op die stoep positief beïnvloed?
6. Wat moet Willem eers, volgens Emma, leer doen voordat hy "nog president word" soos Hendrik sê?
7. Wat sê Hendrik vir Emma, wat spanning tussen hulle veroorsaak, toe sy besig is om koffie te skink?
8. Hoekom staan Willem in die middel van die vloer en toertjies doen terwyl Hendrik en Katrien argumenteer?
9. Op watter manier beïnvloed die struwelinge en argumente tussen Hendrik en Katrien vir Willem?
10. Waarna smag (*longs for*) Willem op hierdie stadium?
11. Wie verstaan hoe Willem voel?

Bl. 34–39 (toneelnommer 54–63)

- ▶ Frans verklaar sy liefde aan Katrien.
- ▶ Nollie vra Hendrik om Emma nie te probeer beïnvloed om van hom te hou nie.
- ▶ Hendrik besef hy praat soms sonder om te dink.

- Humoristiese situasie as Katrien huil en die sakdoeke is aan mekaar gebind
- Hendrik se gesprek met Oudokter.

Katrien stap in die pad met haar arms voorom haar lyf gevou asof sy haarself onbewustelik vashou en wil beskerm teen dit wat haar seermaak – die hartseer wat haar geluk bedreig. Frans kom met sy bakkie daar aan en sien dat Katrien huil. Hy hou haar vas, troos haar en sê dat hy haar liefhet. Katrien erken dat sy alleen voel, maar sy weet dat Hendrik ook alleen is. Sy besef dat hulle by mekaar verbyleef en dat hulle nie kommunikeer oor die dinge wat hulle pla nie. Elkeen leef in 'n eie hartseerwêreld.

Nollie en Hendrik gesels op die stoep en Nollie vra vir Hendrik om hom nie so aan Emma te probeer verkoop nie. Hy sê hulle moet net geduldig wees en Emma tyd gee – alles sal regkom.

Katrien is terug van haar wandeling in die veld toe sy Frans daar raakgeloop het. Sy neem die koffiebekers wat op die stoep staan kombuis toe en is net besig om die bekers in die wasbak te pak, toe Hendrik inkom. Hy sê hy besef dat hy soms op die verkeerde tyd oor dinge praat. Hy vra om verskoning daarvoor – vir die feit dat hy soms praat sonder om te dink, soms te gou praat.

Later om die eetkamertafel is Hendrik, Katrien en Willem elkeen met hul eie gedagtes besig. Daar heers 'n baie ongemaklike (*uncomfortable*) stilte. Katrien voel skuldig (*guilty*) oor die middag saam met Frans in die veld en Hendrik probeer dinge regmaak, maar vererger net die situasie. Willem is besig met een van sy kunsies waar hy sakdoeke aan mekaar vasbind en dan uit sy mou trek.

Hendrik vra weer om verskoning en die situasie raak net te veel vir Katrien. Sy begin huil. Dit is komies as Hendrik die sakdoek in Willem se hand vir Katrien wil gee, maar twee dosyn ander sakdoeke kom saam uit!

Hendrik en Willem besoek Oudokter in sy spreekkamer (*consulting room*). Hendrik sê hy het al alles probeer, maar Willem wil na twee jaar nog nie praat nie. Oudokter besef



et op die naam
Dudokter – vaderlik,
gerusstellend;
emand met
ervaring en
wysheid.

Die antwoorde
vir hierdie **Toets
jouself-vrae** verskyn
op bl. 84.

dat dit nie as gevolg van 'n fisieke siekte nie, maar eerder die gevolg van 'n emosionele probleem. Volgens hom is dit 'n angstoestand (*anxiety state*). Willem het vir iets geskrik of is bang vir iets – of dalk is hy net ongelukkig (depressief). Dan gee Oudokter Hendrik die raad dat hy moet ophou om die wêreld te probeer reg raas. Raas help niks. Dit is ironies dat Hendrik heeltyd probeer om iets reg (beter) te maak, maar dat hy dit eintlik net vererger!

✓ **Toets jouself!**

1. Katrien loop in die veld en huil. Sy loop haarself en vashou asof sy koud kry. Waarom?
2. Emma gaan na haar kamer, trek die gordyne toe en gaan lê op die bed. Hoekom doen sy dit?
3. Katrien ontmoet Frans in die veld toe sy gaan stap. Sy sê vir hom dat sy "allendig" is en dat Hendrik ook so voel. Waarom voel hulle so eensaam al is hulle getroud?
4. Wat vra Nollie vir Hendrik?
5. Waarvoor vra Hendrik Katrien om verskoning?
6. Hendrik, Katrien en Willem sit in die eetkamer om die tafel. Hulle eet. Dis baie ongemaklik. Verduidelik waarom elkeen van die drie karakters op dié stadium ongemaklik voel.
7. Watter insident verlig hierdie ongemaklike situasie?
8. Watter drie beskrywende woorde pas by die bynaam (*nickname*) Oudokter?
9. Waarom, sê Oudokter, praat Willem nie?
10. Watter raad gee Oudokter vir Hendrik?

Bl. 39–46 (toneelnommer 64–71)

- ▶ Hendrik en Katrien beskuldig mekaar oor en weer van beuselagtighede (*trivialities*) en wonder wat in hulle lewens gebeur het wat hulle tot die punt gebring het waar hulle bymekaar verbyleef en nie mekaar se behoeftes (*needs*) verstaan nie.
- ▶ Willem wil wegkom van sy ouers se struwelinge en ontsnap na die nar toe.

Terwyl Hendrik probeer om die motor wat langs die pad gaan staan het aan die loop te kry, sien hy hoe Katrien haar nuwe blou oorkrabbers (*earrings*) aansit. Hendrik voel dat hy hard werk en as hy 'n ekstra geldjie kry, sit hy dit in die huis in, terwyl Katrien dit op haarself uitgee. Katrien voel Hendrik het haar lank genoeg gehiet en gebied (*told her what to do*), en dat hy haar nie verstaan nie. Terwyl Katrien en Hendrik argumenteer, staan Willem met drie klippe en toertjies doen. Hy raak so ontsteld dat hy die klippe mis vang en na die nar in die skuur toe gaan sonder dat sy ouers weet waar hy is.

Toe Hendrik uiteindelik die motor aan die loop het en by die huis kom, begin die soektog na Willem. Katrien soek in sy kamer en Hendrik gaan terug na die plek waar die motor onklaar geraak het.

Die nar besef dat Willem ongelukkig is en dat iets hom pla. Toe daar trane oor Willem se gesig loop, probeer die nar hom opbeur (*to cheer him up*) deur sy gesig te verf en te sê die lewe is te kort vir trane. Willem se gemoedstoestand verbeter sodat hy vir sy eie nargesig in die spieël lag.

Later die aand dring die nar daarop aan (*he insists*) dat Willem huis toe gaan, want Manuel besef Willem se ouers gaan bekommerd raak oor hom.

Katrien en Hendrik voel baie skuldig en wonder of die kind gehoor het toe hulle mekaar vroeër die middag langs die pad oor en weer beskuldig (*accuse*) het. Hulle wonder wat in hulle lewens gebeur dat hulle hulle so gedra en mekaar so sleg verstaan. Hulle besef dat daar tog 'n tyd was toe hulle gelukkig was – en dit is duidelik dat hulle na daardie dae verlang.

Katrien en Hendrik dink terug aan die dae toe hulle jonger was en al die stasies waar Hendrik gewerk het. Dit is asof die name van die stasies in hul huidige (*present*) verhouding weerspieël word: Lydenburg, Soekmekeer, Twyfelfontein. Soos hulle in die werklike lewe verder van alles af beweeg het en die stasies kleiner en valer geword het, so ook hul verhouding op emosionele en liggaamlike vlak (*level*).



♀ Kernaanhaling

"Elke stasie 'n bietjie kleiner, valer, verder van als af."



Bl. 46–52 (toneelnommer 72–82)

- Hulle kry Willem waar hy op die stoep lê en slaap.
- Die polisie kom help soek na Willem en gaan na die skuur – besef daar bly iemand.

Emma sien Willem op die divan op die stoep waar hy kom slaap het nadat hy die vorige aand van die nar af teruggekom het. Hendrik voel baie hartseer oor hul gesinsverhoudinge op die oomblik en toe Willem sy pa se tranes sien, vee hy met sy vinger oor sy eie nargesig wat Manuel die vorige aand vir hom geteken het en teken 'n kol op elkeen van sy pa se wange. En vir sy ma teken hy 'n breë glimlag!

Die polisie kom op die werf aan nadat Hendrik hulle die vorige aand gevra het om met die soektog na die kind te help. Hendrik vertel hulle dat Willem veilig by die huis is, maar van die polisiemanne was reeds by die skuur. Toe Willem besef wat aangaan, hardloop hy baie ontsteld en skreeuend na die skuur toe. Die polisie sien die tekeninge teen die mure van die skuur, 'n swart doek en ander goed wat ook daar lê. Hendrik sê dat dit Willem se toorgoed is, maar die polisie dink dat dit dalk duiwelskuns (*witchcraft*) kan wees. Dis duidelik dat van die polisiemanne dink dat die McDonalds snaakse mense is wat hulle met onaanvaarbare (*unacceptable*) dinge besig hou. Selfs op die dorp tree die mense vreemd teenoor Katrien en Willem op.

✓ Toets jouself!

1. Emma kom uit die veld terug. Net toe sy wil binnegaan, vang haar oog iets. Wat is dit?
2. "Hendrik swaai om en loop 'n paar tree weg. Hy huil nou." Wat veroorsaak hierdie reaksie?
3. Wat doen Willem wat sy ouers nader aan mekaar bring?
4. Watter woord van die toneelaanwysings op bl. 48 (einde van toneelnommer 73) wys dat Katrien meegevoel met Hendrik het?
5. Wie probeer Hendrik keer met die woorde: "Hokaai. Wag, hokaai. Hierso, manne. Hokaai!"?

♀ Kernaanhaling

"Van agtuur gisteraand af lê jy al hier? En ons bekommer ons morsdood."

Die antwoorde vir hierdie **Toets jouself-vrae** verskyn op bl. 85.

maar Katrien het geweet. Sy het egter nie gewys dat sy weet nie. Wat het Katrien geweet?

Bl. 53–62 (toneelnommer 83–94)

- ▶ Nollie terg Emma toe sy in die sinkbad lê.
- ▶ Hendrik voel ontsteld, want die mense op die dorp dink hulle is snaaks.
- ▶ Mense bederf Nollie en Emma se pret in die veld.
- ▶ Willem doen toertjies en neem Hendrik-hulle na die skuur; die nar is nie daar nie en Willem is baie ontsteld.

Nollie kom met sy fiets op die werf aan waar Emma in 'n sinkbad sit. Toe Nollie die fiets teen die muur sit, val dit om, Emma skrik, sit regop in die sinkbad en die volgende oomblik val die bad onderstebo bo-op haar. Nollie neem sy kans waar deur vir haar te sê dat hy die handdoek vir haar sal gee as sy saam met hom na die Volstruisdans gaan. Sy stem in net toe 'n ontstelde Hendrik met sy motor by die huis kom.

Hy was die oggend op die dorp en sê die mense het na hulle gestaar asof hulle ape in 'n hok is. Hy wonder wat so danig snaaks aan hulle is dat die dorpsmense hulle so bekyk.

'n Opgewonde Nollie vertel vir Hendrik en Katrien dat Emma ingestem het om saam met hom te gaan dans. Emma antwoord egter dat sy net sal gaan as haar ma-hulle ook gaan. En tot Hendrik se verbasing antwoord Katrien dat sy sal gaan as Hendrik haar vra. Trouens (*in fact*), sy sou die vorige jaar ook gegaan het as hy haar gevra het!

Hendrik vra Willem om weer vir hulle sy sakdoektoertjie te wys en belowe hom vyf rand as hy dit doen. Willem druk die sakdoeke voor by sy hemp in en trek die vasgeknoopte sakdoeke by sy linkermou uit. Almal geniet dit baie, lag en klap hande.

Op 'n vraag van Hendrik wie vir hom die toertjies leer, beduie Willem hulle moet hom volg en hy loop na die skuur toe. Hy haal 'n flits tussen die strooi uit en begin na Manuel soek toe dié nie op sy fluit reageer nie. En vir die eerste keer praat Willem weer as hy Manuel roep. Eers saggies, toe harder. Toe hy besef dat Manuel nie daar is nie, storm hy buiten-





Let op die verandering wat stadig maar seker besig is om in te tree – Willem glimlag en lag selfs en dit is asof die gesin nader aan mekaar beweeg.

Die antwoorde vir hierdie **Toets jouself-vrae** verskyn op bl. 85.

toe, tussen die bloekombome deur en hy skree al hoe harder na die nar.

'n Soektog na Willem lewer niks op nie. Almal sê dat hulle baie duidelik gehoor het dat hy "Manuel" sê. Hulle wonder wie Manuel is en of daar dalk iemand in die skuur bly. Emma sê sy het al gesien dat hy kos aandra skuur toe, maar dat Willem gesê het hy voer hase.

Willem kom terug terwyl hulle eet en niemand sê 'n woord oor wat vroeër gebeur het nie. Willem wat reg oorkant Emma aan tafel sit, hou haar heeltyd dop. Hy staan later op, loop na Emma toe, glimlag vir haar en lig die klavier se deksel op. Dan draai hy na Emma toe en sê: "Speel." Hy vra haar tot almal se groot verbasing om klavier te speel. Emma is eers huiwerig en sê sy kan nie meer speel nie, maar nadat Willem die eerste noot gedruk het, speel sy baie onseker een van die liedjies wat Hendrik so graag Saterdagmiddae op die grammofoon speel.

✓ Toets jouself!

1. Nollie kry dit reg dat Emma instem om saam met hom na die Volstruisdans te gaan. Hoe het dit gebeur dat sy ingestem het?
2. Hoekom het Nollie haastig padgegee van waar Emma in die sinkbad gelê het?
3. Hendrik kom van die dorp af, maar is duidelik ontsteld oor iets, want hy kom "brom-brom deur die voorkamer" aan en "gooi sy hoed op 'n stoel neer". Wat het hom so ontstel?
4. Hendrik vra vir Nollie waar Emma is en hy sê dat hy haar nog nie met 'n oog gesien het nie. Is dit waar? Gee 'n rede vir jou antwoord.
5. Watter plan maak Nollie om Emma 'n rukkie alleen te sien?
6. Watter woorde van Katrien laat Hendrik baie verbaas uitroep: "W-á-t?"
7. Waarop dui Katrien se antwoord?
8. Willem loop in die veld en gee 'n kort fluit. Wat is die doel hiervan?
9. Watter woorde van Nollie is 'n bevestiging (*confirmation*) dat hy net 'n verskoning uitgedink het om Emma 'n rukkie vir homself te hê?

Kernaanhaling

"Hoor hier, ek het dit met my eie oë gesien. Hoe hulle offer en als."

Let daarop dat, soos Willem minder depressief en bang voel, hy langer sinne praat en meer en harder lag.

Terwyl Frans besig is om mieliemeel op sy bakkie te laai by die koöperasie, bespreek die boere Hendrik en sy gesin en sê onder andere dat hulle hoor die kind toor glo, dat hy in die nag rondloop, gesigte sien en geeste oproep, en dat sy pa sy tong uitgesny het. Frans sê dis bog, want hy is elke week by die McDonalds en het nog niks snaaks gesien nie. 'n Argument ontstaan tussen Frans en Jan Mol, wat uitloop op 'n woeste gestoeiery en 'n paar vuishoue.

Willem draf verby Hendrik en Frans net toe Hendrik vir Frans vra hoekom Jan Mol hom so geslaan het. Willem het 'n sny brood in sy hand en is op pad na Manuel toe. Frans sê vir Hendrik dat daar baie stories in die dorp oor klein Willem is en Hendrik antwoord dat elkeen maar vir homself moet uitwerk wat die waarheid is. Daar is ook stories oor Frans. Dis duidelik dat Hendrik en Frans weet waaroor laasgenoemde stories gaan – Frans se kuiery by Katriena.

Willem het 'n tekening van 'n nar in sy mondering (*outfit*) gemaak en wys dit vir Katrien. Met die twee woorde: "Ma maak" vra Willem vir sy ma om vir hom ook 'n narrepak te maak.

Willem is by die nar in die veld, hulle eet en speel haas-haas en ander speletjies.

Die dominee (*church minister*) besoek Hendrik en Katrien en waarsku hulle teen die bose magte (*forces*) en die duiwel wat in allerlei verskuilde (*disguised*) vorms kom. Hendrik voel dat hulle net die predikant sien as hy kom om te verdoem


(condemn) of om geld te vra. Katrien wys die dominee daarop dat hulle ook mense is met gevoelens en behoeftes, dat hulle ook aanvaar wil word en nie net beskuldig en verwerp (*rejected*) wil word nie. Hulle voel albei dat die predikant net veroordeel (*judge*) en beskuldig (*accuse*), en geen konstruktiewe en liefdevolle hulp en leiding bied nie.

Nadat Willem Manuel van die predikant se besoek vertel het en gesê het dat die predikant sê dat dit sonde (*sin*) is om op 'n mens se gesig te teken, besluit Manuel om kerk toe te gaan.

Manuel het Willem se fiets geleen, sy gesig gegrimeer en sy sirkuspak aangetrek. Hy het tydens die erediens so ongemerk moontlik probeer insluip, maar toe die dominee hom opmerk, het hy een van die ouderlinge gevra om die nar te verwyder (*remove*). Manuel het besef daar kom moeilikheid, op sy fiets gespring en straat af gejaag. Hy het in 'n boom geklim en daarvandaan gesien hoe die mense in bakkies en motors na hom soek.

✓ Toets jouself!

1. Waaroer praat die boere op die koöperasie se stoep as sakke meliemeel op Frans se bakkie gelaai word?
2. Watter woorde van Frans wys dat hy nie die stories oor die McDonalds glo nie?
3. Hoekom sê Jan Mol: "Ja, ons weet hoekom jy niks sien nie."?
4. Wat was die gevolg van die woordewisseling?
5. Hoekom is die vraag: "So, toe vir wat neuk hy jou toe?" wat Hendrik aan Frans rig, ironies?
6. Willem hardloop met 'n sny brood met konfyt op verby sy pa en Frans waar hulle by die stasiekraan staan. Wat beduie (*to indicate*) hy aan hulle?
7. Op Frans se opmerking dat daar baie stories in die dorp oor klein Willem is, antwoord Hendrik: "Oor ons almal. Oor jou ook." Wat bedoel hy as hy dit sê?
8. Verduidelik die volgende woorde van Hendrik aan Frans: "Ons moet maar almal vir ons self uitwerk wat is waar en wat nie."



Die antwoorde vir hierdie **Toets jouself-vrae** verskyn op bl. 86.

29. Waarom word daar na die ouderlinge en diakens as "swartgeklede kraaie" verwys toe hulle agter Manuel aanstorm nadat hy uit die kerk gevlug en op Willem se fiets straataf gejaag het?
30. Waarom jaag die motors en bakkies onder Manuel verby?

Bl. 71–81 (toneelnommer 109–131)

-
- ▮ Soektog na die nar – hy word raak geskiet.
 - ▮ Hendrik neem hom huis toe en hulle verpleeg hom.
 - ▮ Dis Sondagmiddag en Emma speel klavier – sonder foute en dis asof die gelukkige Emma van vroeër terug is.
 - ▮ Willem is nie by die huis nie.
-

Terwyl Hendrik en Katrien die Sondagmiddag rustig op die bed lê, kom daar voertuie by die stasie aan en mans met gewere klim uit. Hulle is op soek na die nar. Die soektog begin by die skuur, en van waar Willem met sy narrepak aan in 'n boom sit, hou hy alles dop.

Die nar kom deur die veld aangestap, onbewus van die feit dat die mans hom soek. 'n Skoot klap, en dis ironies dat die ouderling van die kerk, wat liefde en verdraagsaamheid behoort te probeer skep, so bevooroordeeld (*prejudiced*) is dat hy die nar wou skiet. Katrien is bekommerd dat die mans dalk vir Willem, wat in die veld is, kan skiet.

Die soektog na die nar brei uit na die McDonalds se huis, maar lewer niks op nie.

Een van die mans hardloop na die nar met die fiets, skiet op hom en wond hom (*wounds him*). Hendrik is eerste by Manuel, met Willem kort daarna. Op Hendrik se vraag aan Willem wie die man is wat geskiet is, antwoord Willem dat dit sy maat is.

Hendrik dra Manuel na sy huis toe, waar hulle sy wonde verpleeg (*nurse his wounds*). Dit lyk of Manuel in 'n toestand van skok is, want hy praat nie. Willem sê Manuel was sy geheim (*secret*), toe Hendrik vir hom vra watter taal Manuel praat en hoekom hy die nar vir hulle weggesteek het.

Die feit dat Willem fdevol fisieke intak met sy pa aak, wys dat / besig is om nosioneel gesond word.

Toe Hendrik grappenderwys vir Manuel sê dat hy gesond moet word sodat hy vir hulle toertjies kan wys, glimlag Willem en sit sy arm om sy pa se nek.

Terwyl Emma besig is om die nar se klere te was en aan die wasgoeddraad op te hang, skiet Jan Mol 'n paar skote na die wasgoed en lag.

Tydens ete wonder die McDonalds hoekom die mense so vyandig (*hostile*) teenoor hulle optree. Hendrik is kwaad en ongelukkig en sê dat die gemeenskap (*community*) hulle nie verstaan nie. Hulle is net mense wat dinge op hul eie manier doen, maar daar buite is 'n groot, onsimpatieke, onverdraagsame (*intolerant*) wêreld wat wil hê almal moet die lewe sien soos hulle dit sien en soos hulle dink, anders aanvaar (*accept*) hulle jou nie.

Hendrik besef dat elke mens uniek is en sê dat hy mag wees wie hy is, dat elkeen 'n mens in sy eie reg is en 'n plekkie gegun moet word – met skete (*ailments*), foute en al.

En dan word die rolle omgekeer as Willem soos 'n hoenderhen maak om Manuel uit te lok om te praat en te lag. Willem speel nou die rol wat die nar aan die begin gespeel het – die een wat probeer opbeur en gerusstel: “Moenie bang wees nie. Ek is hier.”

As Emma een van Hendrik se geliefkoosde liedjies speel en Katrien saamneurie (*hum*), met Manuel en Willem wat dit baie geniet, is dit asof geluk stadig maar seker deel van hulle lewe word.

✓ Toets jouself!

Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 87.

1. Emma speel nou foutloos klavier. Waarop dui dit?
2. Wat bederf Hendrik en Katrien se rustige oomblik saam op die bed as hulle na Emma se klavierspel lê en luister?
3. Haal die woorde aan wat Jan Mol gebruik om Manuel te beskryf.
4. Wat impliseer die gebruik van die woord “Beëlsebub”?
5. Hoekom is dit wat die dorpsmense van die nar dink ironies en spreek dit van bevooroordeeldheid?
6. Waar is Willem tydens die soektog na die nar?

Bl. 81–83 (toneelnommer 132–135)

- Frans besoek Katrien.
- Klippe op die McDonalds se dak en 'n venster word stukkend gegooi.

'n Vrolike en gelukkige Hendrik doen inspeksie op die stasie terwyl hy uit volle bors sing. Geluk is besig om deel van sy bestaan te word.

By die huis is Katrien besig om klavier te speel en Manuel konsertina toe Frans daar aankom. Katrien en Frans voel baie ongemaklik teenoor mekaar. Hy het weer vrugte gebring en dit is asof hulle nie die regte woorde kan vind om vir mekaar presies te sê wat hulle bedoel nie – Frans om sy liefde te verklaar en Katrien dat sy haar gesin se belange eerste stel. Dit is vir haar van groot belang dat Willem weer praat.

Die aand toe sy vir Willem in sy eie bed nag sê, gooi iemand klippe op hulle dak en 'n vensterruit breek.

7. Waarom het Katrien nie van plan verander nie?
8. Die aand lê Willem in sy eie bed. Van watter vordering is hier sprake?
9. Wat gebeur net toe Katrien vir Willem nagsê?

Bl. 83–85 (toneelnommer 136–138)

- Die nar en Willem vermaak Katrien en Emma met toertjies.
- Manuel vertrek per trein.


Toe Hendrik op die stasie aankom, Frans se bakkie voor hulle huis se deur sien staan en Katrien se vrolike gelag hoor, verdink hy haar en Frans daarvan dat hulle die oomblik saam geniet. Toe hy stadig langs die huis af beweeg, loop hy hom in Frans vas, wat net soos hy probeer uitvind wat op die stoep aangaan. Willem en Manuel is besig om toertjies met balle uit te voer.

Manuel het besluit om weg te gaan. Hy sê hy mis die ou groot tent te veel. En weer is dit Willem wat doen wat Manuel hom geleer het. Hy teken vir Manuel 'n hansworsmasker – 'n gesig wat nie huil nie – as Manuel hartseer voel om weg te gaan, want Manuel het self gesê lag is beter as huil.

As Manuel sê dat Hendrik-hulle goed was vir hom, is dit Hendrik wat hom daarop wys dat sy invloed op hulle eintlik veel groter was – hy het Willem weer aan die praat gekry. Manuel gee ook sy konsertina vir Willem net voor die trein vertrek, sodat hy dit kan leer speel en aanhou glimlag. Wat hy nalaat, is groot en belangrik; hy het 'n ongelukkige gesin se lewens en 'n bevooroordeelde gemeenskap se gesindheid (*attitude*) ten goede verander!

✓ Toets jouself!

1. Wat laat Hendrik haastig terugkeer huis toe, net toe hy op pad was na sy kantoor toe?
2. In wie loop hy hom vas net toe hy om die hoek beweeg?
3. Wat maak Frans daar?
4. Op pad huis toe om te probeer uitvind waarom



Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 87.

15. Waarom wil Manuel nie die konsertina vat as Hendrik dit vir hom deur die treinvenster aangee nie?
16. Manuel neem al sy paljas (toorgoed) saam, maar laat tog baie agter. Verduidelik wat hy agterlaat.

Bl. 85–92 (toneelnommer 139–147)

- Die Volstruisdans
- Die dans is nie 'n sukses nie en die vrolikheid word by die McDonalds se huis voortgesit.

Hendrik, Katrien en Emma is in 'n vrolike luim (*mood*) as hulle gereed maak vir die Volstruisdans. Ongeveer vyftig voertuie staan by die skuur waar die dans gehou word, geparkeer. Daar is braaivleisvure, kinders hardloop rond, mense gesels en lag en skinkborde vol eetgoed word aangedra.



Net nadat Hendrik-hulle die motor geparkeer het, toe hulle uitklim, word hulle met eiers en tamaties gegooi en mense lag. Hendrik storm tussen die mense in om te sien waar die eiers en tamaties vandaan kom, maar hy word vasgehou. Die mans kry hom by die motor en dwing hom by die agterdeur in. Katrien, Emma en Willem klim ook in en met Nollie agter die stuur, ry hulle huis toe terwyl Jan Mol en 'n paar ander jong mans klippe agter die motor aan gooi.

Terug by die huis is dit duidelik dat almal baie geskok is en dat hulle die vyandige optrede van die gemeenskap (*community*) glad nie verwag het nie. Hulle is 'n oomblik verbaas as Hendrik sê hulle moet hulle gaan was en mooi maak, die gebeure van die aand vergeet en aangaan asof niks gebeur het nie.

Emma sê ontsteld dat dit tyd is om oor alles te praat – al wat hulle heeltyd doen, is om te maak asof niks gebeur het nie; probleme te ignoreer in plaas daarvan om daaroor te praat. Katrien huil bedags omdat sy ongelukkig is, Willem praat al twee jaar lank nie en hulle word by die dans weggejaag, maar niemand praat daaroor nie. Hulle praat oor allerhande onbelangrike dinge, oor alles behalwe dit wat regtig die probleem is. Volstruistaktiek help nie – hulle moet praat oor dit wat pla, oor hoe elkeen voel, oor hulle behoeftes en oor dinge wat hulle ongelukkig maak.

Na Hendrik se opmerking dat Emma nog 'n kind is en nie verstaan nie, sê Katrien dit is juis omdat Emma verstaan dat

sy sê hulle moet oor alles praat. Katrien sit haar arms liefdevol om Hendrik, asof sy hom teen seerkry wil beskerm.

Motors kom op Hendrik-hulle se werf aan en van die dorpsmense wat by die dans was, klim uit. Hulle lyk ongemaklik en voel skuldig oor sommige van die dorpsmense se optrede en gedrag by die dans. Sakkie vra namens hulle om verskoning vir wat daar gebeur het. Ouderling Bothma sê dat die mense al begin ry het, want die dans is nie 'n sukses nie.

Hendrik nooi die besoekers binne en nog twee motors kom aan. Dis die ene vrolikheid op die McDonalds se stoep. Daar is musiek, mense lag en dans en geniet die drankies wat Hendrik skink. Hendrik vra Willem om 'n paar toertjies vir die gaste te doen. Hy voel duidelik trots op sy seun. Willem gaan sy eier- en sakdoekknooptoertjies doen.

Vroeër by die dans was die eier 'n vorm van neerhalende en vernederende "vermaak"; dit was bedoel om mense seer te maak en te verdeel. Maar as Willem toertjies doen met die eier, is dit 'n vorm van positiewe vermaak en bring dit mense saam.

Net toe Willem by die middel deur inkom, sien hy hoe Nollie vir Emma soen. En later hoe gelukkig Hendrik en Katrien is as hulle dans, terwyl almal vir hulle hande klap.

Willem klim teen die windpomp op en gaan sit op die platform bo. Hy hys Manuel se konsertina boontoe, en as die musiek op die stoep ophou, hoor 'n mens die klanke van die konsertina waarop Willem speel.

Willem speel die lied van sy nuutgevonde geluk – van 'n nuwe lewe waarin die paljas van die nar Manuel 'n belangrike rol gespeel het. Nie net Willem nie, maar ook Hendrik, Katrien, Emma en Nollie het nou nuwe hoop vir die toekoms.

✓ Toets jouself!

1. Beskryf die atmosfeer in die huis terwyl almal gereed maak vir die Volstruisdans.
2. Watter laaste waarskuwing rig Hendrik tot Willem?
3. Wat bederf hulle pret net toe hulle by die dans aankom?
4. Waarom vlieg Hendrik "tussen die spul in"?

Let daarop dat eiers sowel 'n negatiewe as 'n positiewe rol speel.

Let op hoe die ander lede van die gemeenskap se houding teenoor die McDonalds verander het: Waar die ander mense vroeër oor die McDonalds geskinder, hulle agterdogtig aangesaar en selfs aangeval het, aanvaar hulle die gesin nou en hou saam met hulle partytjie.

Die antwoorde vir hierdie Toets jouself-vrae verskyn op bl. 88.